**SAUVIGNON BLANC SOUTH AFRICA**
Queenstraat 11 Queen Street, Durbanville 7550 | Posbus/PO Box 988, Durbanville 7551
**T** 021 975 4440 | **F** 021 975 4446 | entries@sauvignonblanc.com

# 2021 SAUVIGNON BLANC SA TOP 10-KOMPETISIE

*U word uitgenooi om in te skryf vir die 2021-kompetisie*

Die doel van die Sauvignon Blanc SA Top 10-kompetisie is om die land se beste wyne, gemaak van die edelkultivar, Sauvignon Blanc, te identifiseer en te bevorder.

Ons dank aan ons vennote waaronder ons platinumvennote FNB en EVER Solutions wat met hul finansiële ondersteuning ons in staat stel om 'n professionele kompetisie aan te bied en om ons die geleentheid gee om die maksimum mediadekking te kry en so die wyne bekend te stel aan 'n breër gehoor.

* Reëls en regulasies op bladsy 2

## BELANGRIKE DATUMS:

- **Sluitingsdatum vir inskrywings:** Dinsdag 17 Augustus 2021
- **Laat inskrywings:** Vrydag 27 Augustus 2021
- **Aflewering van monsters:** Maandag 23 tot Vrydag 27 Augustus 2021
- **Sauvignon Blanc SA Top 10 Beoordeling:** Dinsdag 31 Augustus tot Donderdag 2 September 2021
- **Sauvignon Blanc SA Top 10 Toekennings**: Woensdag 13 Oktober 2021

---

# 2021 SAUVIGNON BLANC SA TOP 10 COMPETITION

*You are invited to enter the 2021 competition*

The objective of the Sauvignon Blanc SA Top 10 Competition is to identify and promote the country's finest wines made from the noble Sauvignon Blanc grape variety.

We thank our partners including our platinum partners FNB and EVER Solutions for their financial support, this allows us to present a professional competition and provides us with the opportunity to obtain maximum media coverage and to introduce the winning wines to a broader audience.

* Rules and regulations on page 2

## IMPORTANT DATES:

- **Closing date for entries**: Tuesday 17 August 2021
- **Late entries**: Friday 27 August 2021
- **Delivery of samples:** Monday 23 until Friday 27 August 2021
- **Sauvignon Blanc SA Top 10 Judging:** Tuesday 31 August to Thursday 2 September 2021
- **Sauvignon Blanc SA Top 10 Awards:** Wednesday 13 October 2021

## REËLS EN REGULASIES

**1. Vereistes vir deelname**

1.1 Enige wyn kan ingeskryf word mits dit 'n droë witwyn is wat as 'n Sauvignon Blanc kultivarwyn bemark word of sal word.

- Enige oesjaar mag ingeskryf word
- Dui asb op die aansoekvorm aan of die wyn gehout of ongehout is.

1.2 Minstens 675 liter (900 bot) daarvan moet teen **Vrydag 20 Augustus 2021** gebottel wees.

1.3 Daar is geen beperking op die getal wyne wat 'n produsent kan inskryf nie.

1.4 Indien 'n wyn onder verskillende etikette bemark word, mag dit slegs onder een van daardie etikette ingeskryf word.

1.5 Indien meer as een wyn van dieselfde handelsnaam as 'n finaliswyn aangewys word, sal slegs die een waaraan die meeste punte toegeken is, vir aanwysing as een van die tien wenwyne kwalifiseer.

**2. Inskrywings**

2.1 Inskrywings sluit **Dinsdag 17 Augustus 2021 om 16:00.**

2.2 Laat inskrywings sal tot **Vrydag 27 Augustus 2021 om 12:00** teen 'n verhoogde fooi (sien punt 3.3) aanvaar word.

2.3 Voltooide inskrywingsvorms moet die SAUVIGNON BLANC SA kantoor voor genoemde datum en tyd bereik. *(NOTA: Hou 'n afskrif vir u rekords).*

- *Inskrywings moet op die amptelike inskrywingsvorm gedoen word*
- *Inskrywings kan soos volg gestuur word:*

*E-POS: reinette@sauvignonblanc.com*
*TEL: 082 592 9511/ 021 975 4440*

2.4 Elke inskrywingsvorm moet vergesel wees van:

- WSR 2A sertifikaat
- 'n Ontledingsertifikaat van die wyn

**3 Inskrywingsfooie**

3.1 Lede: R1 100.00 per wyn. ***Let wel: Ledegelde moet ten volle betaal wees om te kwalifiseer vir hierdie fooie.***

3.2 Nie-lede: R1 600.00 per wyn.

3.3 Laat inskrywings:
Lede – R1 350.00 per wyn
Nie-lede: R1 850.00 per wyn

3.4 Inskrywings sal slegs aanvaar word indien die inskrywingsfooi die inskrywingsvorm vergesel of 'n bewys van betaling aangeheg is.

3.5 Die inskrywingsgeld is onder geen omstandighede terugbetaalbaar nie.

## RULES AND REGULATIONS

**1. Requirements for participation**

1.1 Any wine may be entered provided it is a dry white wine that is or is to be marketed as a Sauvignon Blanc cultivar wine.

- Any vintage can be entered
- Please indicate on the entry form whether the wine is wooded or unwooded.

1.2 At least 675 litres (900 bot) thereof must be bottled by **Friday 20 August 2021.**

1.3 There is no restriction on the number of wines that a producer may enter.

1.4 If a wine is marketed under different labels it may only be entered under one of those labels.

1.5 If more than one wine with the same brand name is selected in the final, only the wine with the highest score will qualify as a winning wine.

**2. Entries**

2.1 Entries close at **16:00 on Tuesday 17 August 2021.**

2.2 Late entries will be accepted until **12:00 on Friday 27 August 2021** at an additional cost (see point 3.3)

2.3 Completed entry forms must be submitted to the SAUVIGNON BLANC SA office before closing date and time. *(NOTE: Keep a copy for your records)*

- Entries must be made on the official entry form
- Entry forms can be submitted as follows:

*MAIL: reinette@sauvignonblanc.com*
*TEL: 082 592 9511 / 021 975 4440*

2.4 Each entry form must be accompanied by:

- WSR 2A certificate
- A certificate of analysis of the wine

**3 Entry Fees**

3.1 Members: R1 100.00 per wine. ***NB: Membership fees must be fully paid to qualify for these fees.***

3.2 Non-members: R1 600.00 per wine.

3.3 Late entries
Members – R1 350.00
Non-members: R1 850.00 per wine

3.4 Entries will only be accepted if the entry fee accompanies the entry form or if proof of payment is attached.

3.5 The entry fee shall under no circumstances be refundable.

3.6 Inskrywingsfooie is betaalbaar aan SAUVIGNON BLANC SA. 'n Faktuur sal uitgereik word *(SAUVIGNON BLANC SA is nie vir BTW geregistreer nie.)*
Die bankbesonderhede is soos volg:
Rekeningnaam: Sauvignon Blanc Interest Group
***Let wel rekeningnaam is nog in die proses om te verander na die nuwe naam, gebruik dus asb hierdie naam**
Bank: FNB Stellenbosch
Takkode: 200610
Rekeningno: 62458153534

**4. Wynmonsters**

4.1 **6 x 750 ml bottels** van die betrokke wyn wat ingeskryf is en wat willekeurig uit die gebottelde voorraad daarvan geneem is, word benodig vir beoordeling. (*Geen tenk of vat monsters sal aanvaar word nie.)*

4.2 Indien die bottels nie reeds finaal geëtiketteer is nie, moet afskrifte van die etiket waarop die volgende besonderhede in duidelik-leesbare letters en syfers aangedui is, op die bottel aangebring word:

- Die handelsnaam waaronder die wyn verkoop word of verkoop sal word
- Die aanduidings van kultivar, oesjaar en oorsprong van die wyn soos dit op die betrokke etikette verskyn

4.3 'n Etiket of plaketiket (in 4.2 bedoel), moet op 'n opsigtelike plek aan die buitekant van die karton geheg wees.

4.4 Elke inskrywing se monsters (ses bottels) moet in 'n aparte karton verpak word.

4.5 Monsters, gemerk **Vir Aandag: Reinette Basson**, moet by **Uitkyk Landgoed (R44), Stellenbosch**, se **Proelokaal (sien aanwysingsborde)** afgelewer word en sal **slegs van Maandag 23 tot Vrydag 27 Augustus 2021 tussen 09:00 en 15:00** ontvang word.

4.6 Geen monsters sal op 'n ander dag/datum aanvaar word nie tensy reëlings vir aflewering vooraf getref is.

**5. Beoordeling en toekenningsgeleentheid**

5.1 Die beoordeling vind plaas van **Dinsdag 31 Augustus tot Donderdag 2 September 2021.**

5.2 Indien daar tydens beoordeling gevind word dat twee van die bottels van 'n monster 'n kurk-fout of ander ongewensde organoleptiese eienskap openbaar, sal daardie wyn van die kompetisie onttrek word.

5.3 Indien enige van die 20 finaliswyne tekens van mikrobiologiese aktiwiteit toon nadat dit deur 'n geakkrediteerde laboratorium getoets is, sal dit gediskwalifiseer word.

5.4 Datum van bekendmaking van 20 finaliswyne om te bevestig. Die Top 10-wenwyne sal aangekondig word op **Woensdag 13 Oktober 2021**, onderhewig aan COVID 19-regulasies. Wynmakers sal nader aan die tyd ingelig word t.o.v. die ontvangs van die Top 10-toekennings.

3.6 The entry fees are payable to SAUVIGNON BLANC SA. An invoice will be issued. (SAUVIGNON BLANC SA is not registered for VAT)
The bank details are as follow:
Account name: Sauvignon Blanc Interest Group
***Please not the account name is still in the process of being changed to the new name, please use this name.**
Bank: FNB Stellenbosch
Branch code: 200610
Account No.: 62458153534

**4. Wine samples**

4.1 **6 x 750 ml bottles** of the wine concerned which was drawn at random from the bottled stock, is needed for judging. (*No tank or barrel samples will be accepted*)

4.2 If the bottles have not yet been finally labelled, a copy of the label on which the following details are indicated in clearly legible letters and figures must be affixed to the bottle:

- The brand name under which the wine is sold or is to be sold
- The indications of cultivar, vintage and origin of the wine as they appear on the labels concerned

4.3 A label or the sticker label referred to in paragraph 4.2 must be affixed at a conspicuous place on the outside of the carton.

4.4 The wine samples (ses bottles) for each entry must be packed separately in a carton.

4.5 Wine samples to be marked **For Attention: Reinette Basson**, must be delivered to **Uitkyk Estate (R44), Stellenbosch**, at the **Tasting Room (follow signage)** and will **only be accepted from Monday 23 until Friday 27 August 2021 between 09:00 and 15:00**.

4.6 No late wine samples will be accepted unless other arrangements for delivery have been made beforehand.

**5. Judging and awards ceremony**

5.1 The judging will take place from **Tuesday 31 August to Thursday 2 September 2021.**

5.2 If it is found during evaluation that two of the bottles of a sample of a wine reveal a cork defect or other undesirable organoleptic character that wine will be withdrawn from participation in the competition.

5.3 If any of the 20 finalist wines shows signs of microbiological activity after having been tested by an accredited laboratory, it will be disqualified.

5.4 Date for the announcement of the 20 finalist wines will be confirmed. The Top 10 winning wines will be announced on **Wednesday 13 October 2021**, subject to COVID 19 regulations. Winemakers will be informed closer in time with regards to receiving the Top 10 awards.

## 6. Verpligtinge van produsente van finaliswyne

6.1 Die produsente van die 20 finaliswyne moet, wanneer daartoe versoek, die volgende dokumente by die Kompetisiekantoor of per epos indien:

- 'n Afskrif van die WSR 4A-sertifikaat
- 'n Hoë-resolusie jpg van die betrokke wyn met die korrekte hoofetiket
- 'n 50-woorde feite-beskrywing (in Engels) van die wyn (vir gebruik in 'n prestige proeboekie).
- Voltooide vraelys (wat aan die eposadres soos verskaf gestuur sal word).

6.2 Indien 'n produsent versuim om te voldoen aan 'n versoek in paragraaf 6.1 vermeld binne die tydperk in sodanige versoek vermeld, kan die betrokke wyn gediskwalifiseer word.

6.3 Elke produsent van 'n finaliswyn minstens **900 bottels** daarvan vir verkope beskikbaar hê op Woensdag 13 Oktober 2021. Die organiseerders behou die reg voor om voorrade deur middel van fisiese inspeksies te kontroleer en kan dokumentêre bewys vereis dat die voorraad op hande nie reeds verplig is nie.

6.4 Die produsente van die 20 finaliswyne moet elkeen **12 volledig geëtiketteerde 750 ml bottels gratis aan SAUVIGNON BLANC SA** voorsien vir gebruik by die toekenningsfunksie en voorafgaande wynproe.

## 7. Verpligtinge van produsente van wenwyne

7.1 'n Produsent se voorraad van sy wenwyne mag nie verkoop word voordat Top 10 plakkers wat die aanwysing daarvan as 'n wenwyn bevestig, op elke bottel daarvan geplak is nie.

7.2 Die Top 10 plakkers sal teen nominale koste uitgereik word.

7.3 Produsente van die tien wenwyne moet **720 volledig-geëtiketteerde 750 ml bottels** soos volg op versoek lewer:

- **96 bottels aan borge**
  - ***12 bottels gratis*** *vir gebruik by promosies en spesiale funksies*
  - ***84 bottels teen die huidige handelsprys*** *soos aangedui in die inskrywingsvorm. 'n Korting van* ***20%*** *moet op die handelsprys toegestaan word*
- **24 bottels aan SAUVIGNON BLANC SA teen die huidige handelsprys** soos aangedui in die inskrywingsvorm. 'n Korting van **20%** moet op die handelsprys toegestaan word
- **600 bottels aan 'n entiteit om deur SAUVIGNON BLANC SA aangewys te word** vir herverkoop
  - **'n Korting van 15% moet toegestaan word op die huidige handelsprys soos aangedui in die inskrywingsvorm.**
  - Indien hierdie voorraad (of gedeelte daarvan) nie teen **31 Januarie 2022** opgeneem is nie, is die produsent vry om dit te vervreem.
- Betaling sal binne 60 dae na faktuurdatum gedoen word.

## 6. Obligations of producers of finalist wines

6.1 The producers of the 20 finalist wines must, when requested thereto, submit the following documents at the Competition Office or by email:

- A copy of the WSR 4A certificate
- A high resolution jpg of the wine concerned with the correct main label
- A 50-word factual description (in English) of the wine (for reproduction in a prestige tasting booklet).
- Completed questionnaire (that will be sent to the supplied email address).

6.2 If a producer fails to comply with a request referred to in paragraph 6.1 within the period specified in that request, his wine may be disqualified.

6.3 Each producer of a finalist wine must have at least **900 bottles** thereof available for sale on Wednesday 13 October 2021. The organisers reserve the right to check stocks by means of physical inspections, and may require documentary proof that the stock at hand hasn't already been contracted.

6.4 The producers of the 20 finalist wines must each provide **12 fully labelled 750 ml bottles, free of charge to SAUVIGNON BLANC SA** for use at the awards function and preceding wine tasting.

## 7. Obligations of producers of winning wines

7.1 A producer's stock in hand of his winning wines may not be sold before the Top 10 decals to confirm the designation as a winning wine, has been affixed to each bottle.

7.2 The Top 10 decals will be issued at nominal cost.

7.3 Producers of the ten winning wines must deliver **720 fully labelled 750 ml bottles** as follows upon being requested to deliver same:

- **96 bottles to sponsors**
  - ***12 bottles free of charge*** *for use at promotions and other functions*
  - ***84 bottles at the current trade price*** *as indicated in the entry form. A discount of* ***20%*** *must be allowed on the trade price*
- **24 bottles to SAUVIGNON BLANC SA at the current trade price** as indicated in the entry form. A discount of **20%** must be allowed on the trade price
- **600 bottles to an entity to be appointed by SAUVIGNON BLANC SA** for resale
  - **A discount of 15% must be allowed on the trade price as indicated in the entry form.**
  - Should the stock (or portion thereof) not be taken up by **31 January 2022**, the producer may dispose of same.
- Payment will be made within 60 days of the invoice date.

7.4 Indien 'n produsent weier of versuim om 'n hoeveelheid wyn te lewer ingevolge reëls 6.4 of 7.3 van hom vereis, kan SAUVIGNON BLANC SA, benewens enige ander stappe wat dit mag neem, die betrokke produsent van deelname aan toekomstige Top 10 kompetisies uitsluit vir sodanige tydperk as wat die Assosiasie mag bepaal.

7.5 Die Top 10 wynmakers moet beskikbaar wees vir funksies wat deur borge vir hulle kliënte aangebied word. Reëlings sal deur die borge in hierdie verband gefinaliseer word.

**8. Algemeen**

8.1 Nóg SAUVIGNON BLANC SA, sy lede en Bestuur nóg die borg van hierdie kompetisie sal op enige wyse hoegenaamd aanspreeklik wees vir enige vrugtelose uitgawe, verlies of skade van watter aard ook al, van 'n deelnemer wat uit deelname aan hierdie kompetisie voortspruit.

8.2 Die uitslae van hierdie Kompetisie soos deur SAUVIGNON BLANC SA bekend gemaak, is finaal en bindend. Nóg SAUVIGNON BLANC SA nóg die borg sal op enige wyse hoegenaamd betrokke raak by enige *ex post facto* korrespondensie of ander beredenerings nadat die uitslae bekend gemaak is.

8.3 **Slegs wyne gemaak van Sauvignon Blanc (85% minimum) druiwe wat geproduseer is in die Republiek van Suid-Afrika mag ingeskryf word in hierdie kompetisie.**

7.4 If a producer refuses or fails to deliver a quantity of wine when required from him in terms of rules 6.4 or 7.3, SAUVIGNON BLANC SA may, in addition to any other actions that it may take, exclude the producer concerned from participation in future Top 10 competitions for such period as the Association may deem fit.

7.5 The Top 10 wine makers must be available for sponsor client functions. Arrangements in this regard will be finalised by the sponsors.

**8. General**

8.1 Neither SAUVIGNON BLANC SA, its members and Management, nor the sponsor of this Competition will in any manner whatsoever be accountable/ liable for any fruitless expenditure, loss or damage of whatsoever nature, of a participant as a result of participation in this competition.

8.2 The result of this Competition as announced by SAUVIGNON BLANC SA will be final and binding. Neither SAUVIGNON BLANC SA nor the sponsor will in any manner whatsoever become involved in any *ex post facto* deliberation after the results have been announced.

8.3 **Only wines made from Sauvignon Blanc (85% minimum) grapes produced in the Republic of South Africa may be entered into the competition.**